

Kom geniet 'n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

Tema 1 – Die Vrug van die Gees

Uitkoms

Kinders glo dat God hulle eerste liefgehad het en sy Seun gestuur het om in hulle plek vir hulle sonde te betaal. Kinders beseft dat God sy Gees gestuur het om hulle te help om meer soos sy Seun te wees.

Inleiding – Poppekas

Kyk saam na die poppekas video van Sjef Fruity & Arabella.

Youtube - <https://youtu.be/ix05OTcd6pY> (ongeveer 12.5MB / 02:53)

Boodskap – Oom Chris

Kyk saam of luister saam na die video of mp3-file van vandag se boodskap deur oom Chris.

Youtube - <https://youtu.be/7xaFhnT9UXg> (ongeveer 7.62MB / 05:20) OF

MP3 - <http://www.parke.co.za/kinderpinkster2020/boodschap01.mp3> (0.58MB / 04:54)

Memoriseervers

2 Korintiërs 3:18 “Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word... Dit doen die Here wat die Gees is.”

Storie

Die Gemaskerde Man

Lank gelede was daar 'n prinses wat graag met die aantreklikste man in die hele koninkryk wou trou. Sy het geglo 'n mens se voorkoms verklap watter soort mens jy binne-in is. Die boodskap dat al die aantreklikste jong mans op 'n spesifieke dag by die paleis moes aanmeld, het deur die hele koninkryk versprei.

In 'n verafgeleë plek in die koninkryk het 'n baie skelm man gebly. Hy was beslis nie aantreklik nie. Jy kon aan die hardheid van sy gesig sien dat hy wreed was. Hy het egter 'n slim plan uitgedink. Hy het na die beste maskermaker in die koninkryk gegaan en hom gevra om vir hom 'n lewensgetroue en aantreklike masker te maak.

Toe die man die masker opsit, kon hy sy oë skaars glo! In die spieël het hy 'n gesig gesien wat straal van liefde, eerlikheid en sagtheid. Met dié masker op het die man na die paleis gegaan. Soos verwag kon word, het die prinses se keuse op hom geval en het sy die man gevra om met haar te trou. Skielik het die gemaskerde man gedink aan alles wat met hom kon gebeur as die prinses moes uitvind dat hy haar met die masker bedrieg het. Hy was regtig kwaad vir homself, want as hy uitgevang word, kon dit sy dood beteken. Hy vra toe die prinses om hom tyd te gee om daaroor te dink. Hy sou na 'n jaar terugkom om sy antwoord aan haar te gee.

Toe die skelm man terugkom by die huis, het hy besef dat sy hele lewe nou verander het. Hy was nou in die hele koninkryk bekend as die aantreklikste man en hy sou nou dié rol moes uitleef. Hy het geleer om alles met liefde te doen en het selfs vir ander begin omgee. Die mense was so beïndruk met die man dat hulle hom gereeld vir sy goeie daade bedank het. In sy hart het die man egter al hoe banger geword, want die groot dag waarop hy weer na die prinses moes teruggaan, het vinnig nader gekom en hy het geweet dat hy eintlik glad nie so wonderlik was nie.

Toe die dag uiteindelik aanbreek, het hy besluit om liever met die waarheid uit te kom. “Ek is ‘n dief en ‘n bedrieër,” het die man erken en die prinses van die masker vertel. Die prinses was eers woedend, maar het toe besef dat sy iets uit hierdie ervaring kan leer. Tog was sy baie nuuskierig om die man agter die masker te sien. “Gee my die voorreg om jou gesig te sien en dan sal ek jou laat gaan,” het sy gesê.

Toe die man die masker afhaal, was die prinses eers kwaad! “Hoekom het jy ‘n masker gemaak wat net soos jou gesig lyk?” het sy gevra. Die man was baie verbaas. Toe gee die prinses vir hom ‘n spieël. Ja, sowaar, sy gesig het presies soos die masker gelyk! Na ‘n jaar se gesukkel om te leef soos die masker het hy uiteindelik soos die masker gelyk!

Die prinses en die man is toe getroud en hy het een van die beste konings van daardie koninkryk geword.

As jy die Heilige Gees toelaat, sal Hy jou verander sodat jou lewe al meer soos Jesus sal lyk.

Bespreek:

1. Wat dink jy het die prinses uit hierdie ervaring geleer?
2. Wat dink jy het die gemaskerde man geleer?
3. Dink jy jy sal dit regkry as jy self probeer om soos Jesus te leef?
4. Wie is die enigste Een wat jou kan help om meer soos Jesus te leef?

Aktiwiteit

Papierbord-waatlemoene

Elke kind het ‘n wit papierbord en rooi, swart en groen kryt/inkleuropotlode nodig. Elkeen maak sy eie waatlemoenskyf deur die papierbord in die helfde te vou en albei kante in te kleur sodat dit soos ‘n waatlemoenskyf met ‘n groen skil aan die onderkant, ‘n wit strook bo die groen, die rooi binnekant en die swart pitte. Moedig u kind aan om die boodskap van die waatlemoen by die huis en met die res van die familie te deel.

